SAKE 24 (Rapport)
20 Mar 2011, p.9

SA SE TOP-BELEGGINGSHUISE DOEN DIT WEER

Coronation 2011 se blinkste ster

DAVID VAN ROOYEN IN JOHANNESBURG
david.vrooyen@sake24.com

Die beleggingshuise wat die afgelope tyd die beste vaar wanneer toekennings in die effektetrustbedryf gedoen word, was weer die voorlopers op die geselligheid van Morningstar Suid-Afrika.

Coronation is vir die eerste keer as die beste groot beleggingshuis deur Morningstar aangewys en Allan Gray/Orbis en Nedgroup was die ander finaliste.

Op die gesaghebbende Raging Bulls-toekennings onlangs is Allan Gray as die beste plaaslike beleggingshuis aangewys en was Nedgroup tweede en Prudential derde.

Morningstar is 'n internasionale maatskappy wat in 26 lande navorsing oor beleggings doen en die inligting op die internet, op sagteware en in die media beskikbaar stel.

Die maatskappy doen wêreldwyd navorsing oor 380 000 beleggingsprodukte.

Soortgelyke effektetrusttoekennings as dié wat vroeër die maand in Kaapstad aan die wenners oorhandig is, word in 22 lande gedoen.

Anders as die Raging Bulls-toekennings word die Morningstar-toekennings meer op prestasies op korter termyn beoordeel, maar daar word ook kriteria ingebou oor wenners se vermoë om op lang termyn te presteer.

Mnr. Tal Nieburg, hoof van Morningstar Suid-Afrika, sê die wenner van vanjaar se toekennings het oor tydperke van een jaar en drie jaar uitmuntend gepresteer in moeilike marktoestande.

Mnr. Pieter Koekemoer, hoof van persoonlike beleggings van Coronation.
| FOTO: ANTOINE DE RAS

In die beoordeling word die effektetrusts en beleggingshuise se opbrengs oor een jaar beklemtoon, maar maatskappye moet ook sterk risiko-aangepaste opbrengste oor drie jaar behaal om vir die pryse in aanmerking te kom.

Om te keer dat 'n effektetrust wat skielik 'n uitmuntende jaar beleef, as die wenner aangewys word, moet so 'n trust in die vorige jaar in die boonste helfte van die trusts in sy kategorie gewees het, asook in twee van die drie vorige jare.

Coronation is nie net as die beste beleggingshuis aangewys nie, maar twee van sy effektetrusts was ook wenners in hul kategorie, naamlik die Market Plus-fonds ('n aggressiewe batetoewysingsfonds) en die nywerheidsfonds.

Mnr. Pieter Koekemoer, hoof van persoonlike beleggings van Coronation, sê die sukses getuig daarvan dat die maatskappy se beleid om 'n gedeelte beleggingsfilosofie en proses oor verskeie mandate in te stel, vrugte afwerp.

"Dieselfde beleggingsienings word op die hele reeks fondse toegepas.

Coronation het vyf plaaslike en vier buitelandse fondse waarvan die prestasie almal in die boonste kwartiel was.

Cadiz het die prys vir die beste spesialis-beleggingshuis gekry. Die ander finaliste vir die prys was BJM en Foord.

Wenners deur Morningstar Suid-Afrika aangewys

Plaaslik	Aggressiewe Allokasie	Coronation Market Plus Fund
Asië	Pasifiese Aandele	Asian Special Situations
Plaaslik	Vloeibare Allokasie	Cadiz Inflation Plus Fund
Europa groot kapitalisasie	Aandele	Ashburton European Equity Fund PC
Plaaslik	Gematigde allokasie	Baroque Moderato Fund of Funds
VSA groot kapitalisasie	Aandele	Franklin US Opportunities Fund
Plaaslik aandele	Natuurlike hulpbronne	Nedgroup Investments Mining and Resources Fund
Wêreldwyd groot kapitalisasie	Aandele	Sarasin CI Equisar Dollar Global Thematic Fund
Wêreldwyd	Effekte	Old Mutual Global Bond Feeder Fund
Aandele	Finansiële dienste	STANLIB Financials Fund
Aandele	Verbruikersgoed en dienste	Coronation Industrial Fund
Plaaslik	Eiendom: indirek	South Africa Prudential Enhanced SA Property Tracker Fund
Plaaslik	Klein kapitalisasie	Equity RMB Smaal/Mid Cap Fund
Plaaslik	Versigtige allokasie	Cadiz Absolute Yield Fund
Plaaslike effekte	Effekte: korttermyn	Investec Opportunity Income Fund
Plaaslike effekte	Gediversifiseerd	Nedgroup Investments Bond Fund
Wêreldwyd	Eiendom: indirek	Global Franklin Global Real Estate Fund
Plaaslik	Aandele	Marriott Dividend Growth Fund